

Boere in suidelike Afrika tree aan vir die Amazone-kunsmisstrooier

deur Salim Dawood, ProAgri Zambië



Somawhe-landgoed se gewasproduksiebestuurder, Bruce Robinson, glimlag breed terwyl hy met die ZG-TS 10001 ProfisPro Amazone-kunsmisstrooier werk.

Amazone bemagtig boere altyd met die nuutste Duitse tegnologie, en die nuwe Amazone-model, die ZG-TS 10001 ProfisPro-kunsmisstrooier, is geen uitsondering nie.

In Suid-Afrika begin boere ook nader staan om die nuwe tegnologie te benut en 'n Wes-Kaapse boer sal die eerste wees om die ZG-TS 10001 ProfisPro-strooier te beproef. Heelparty ander getuig reeds van die waarde van die Amazone ZG-B reeks. Boere in verafgeleë gedeeltes van Zambië was eger eerste uit die blokke om die nuwe tegnologie te bekom en ProAgri het daar besoek gaan aflê.

Die nuutste model Amazone-kunsmisstrooier bied hoë doeltreffendheid, presisiebeheer en betroubare toediening. Die strooier bied uitstekende waarde vir geld en verhoog die boer se opbrengs sodat die strooier homself in 'n japtrap betaal.

Agrivision Zambië se Somawhe-landgoed in die Mpongwe-boerderygebied van die Kopergordelstreek is in 1987 in opdrag van dr Kenneth Kuanda aangelê. Op die 4 000-hektaar plaas met sy 170 werkers word sojabone, mielies en koring verbou. In Desember 2019 het Agrivision Zambië 'n tweede ZG-TS-kunsmisstrooier aangeskaf, en volgens



Somawhe-landgoed se gewasbestuurder, Mark Butler, is elke keer as hy deur die koringlande loop opnuut beïndruk met die voordele van die nuwe ZG-TS 10001 ProfisPro-kunsmisstrooier.

Bruce Robinson, gewasproduksiebestuurder, is hulle glad nie spyt nie.

"Die rede waarom ek op hierdie strooiers besluit het, was die vermoë om uiters akkuraat op die land te werk. Die akkuraatheid bepaal hoe egalig die kunsmis versprei word en verminder vermorsing terwyl dit oeste verbeter," verduidelik Bruce.

"Nog 'n pluspunt van hierdie strooiers is hulle betroubaarheid. Die werkende dele is vereenvoudig, wat beteken dat daar minimale probleme voorkom. Solank as wat ons die strooiers korrek gebruik en skoon hou is daar geen probleme nie," sê Bruce.

Die Amazone ZG-TS 10001 ProfisPro-kunsmisstrooiers word binne 30 minute gelaai, gekalibreer en voorberei vir die dag se werk, waar dit met die vorige modelle amper drie uur geneem het om dieselfde voorbereiding te doen.

"Die nuwe strooier versprei kunsmis nog meer egalig as die ouer masjiene. As jy egalige verspreiding toepas, kry jy egalige groei. En as dit makliker is om te strooi, is dit makliker om jou gewasse te bestuur," verduidelik hy.

Verder neem Bruce waar dat die tegnologie van die kunsmisstrooier dit eenvoudiger maak vir die operateur om verspreidingsprogramme vir verskillende kunsmistipes te vind. Hy glo dat die nuwe Amazone kunsmisstrooiers hulleself in 'n enkele seisoen kan afbetaal.

"Dit is nou die eerste seisoen wat ons die kunsmisstrooier gebruik en ons kon nog nie 'n kosteberaming maak nie, maar deur net die seisoen se groei te vergelyk met die vorige seisoen kan ons klaar 'n groot verbetering sien," sê hy.

Bruce het raad vir die boer wat nog nie oortuig is om 'n kunsmisstrooier te koop nie: "As jy 'n minderwaardige kunsmisstrooier koop, skiet jy jouself in die voet. Kry eerder die beste toerusting, want uiteindelik bespaar dit geld en tyd op die land; dit werk beter en meer doeltreffend. Die masjiene betaal homself



Een van die vele Amazone ZG-B 8200 Drive-strooiers wat bydra tot presisieboerdery op die Zambeef-plaas in Zambië.

sommer vinnig-vinnig af," sê hy.

Op Bruce se buurplaas, Zambeef Mpongwe, word daar ook 'n uitgebreide vloot Amazone-kunsmisstrooiers gebruik. Net soos Somawhe, plant Zambeef Mpongwe ook sojabone, mielies en koring op 'n deel van die 11 000-hektaar plaas.

Bruno Mweshi, Zambeef Mpongwe se gewasproduksiebestuurder, sê die plaas gebruik nou al van 2016 af Amazone kunsmisstrooiers.

"Die vorige strooier wat ons gebruik het moes gereeld gekalibreer word, maar met hierdie model druk jy net 'n paar knoppies om hom oop te maak en verstellings te maak. Die masjiene is heeltemal outomaties en dit beteken hy is meer doeltreffend. Dit maak ons werk makliker," vertel Bruno.

"Ons bespaar tyd met die outomatiese kalibrasie en met die strooi van die kunsmis. As jy op die regte tyd strooi, word die gewasse bevoordeel en uiteindelik beteken dit 'n groter oes. Dit maak die aankoop die moeite werd."

Kry jou Amazone-oplossing by jou naaste gemagtigde Falcon-handelaar, of skakel (+27)33-330-5787 vir meer inligting. Besoek www.falconequipment.co.za om ander implemente te bekyk wat die boer help om groter oeste te lewer en tyd en geld te bespaar.